

TUK 968.
203
ELOFF

VERSLAG OOR ARGEOLOGIESE NAVORSING OP
GREEFSWALD GEDURENDE APRIL 1983

Prof J F Eloff
Departement Argeologie
Universiteit van Pretoria

INHOUD

	Bladsy
DIAGRAM 1	14
LYS VAN SKETSFIGURE	(ii)
LYS VAN FOTO'S	(iii)
1 INLEIDING	1
2 ALGEMENE BESKRYWING VAN DIE GREEFSWALDTERREINE	1
2.1 Ligging	1
2.2 Klimaat	1
2.3 Geologie	2
2.4 Flora	2
2.5 Fauna	2
2.6 Oorsigtelike beskrywing van die argeologiese terreine op Greefswald	3
2.6.1 Mapungubwekop	3
2.6.2 Suidelike Terras	4
2.6.3 K2	5
3 SAMEVATTING VAN VORIGE NAVORSING OP GREEFSWALD	5
4 DOEL VAN DIE 1983-ONDERSOEK	7
5 METODIEK	9
6 STRATIGRAFIESE WAARNEMINGS	9
6.1 Mapungubwekop	9
6.2 Suidelike Terras	11
7 SAMEVATTING EN INTERPRETASIE	11
8 AANBEVELINGS	12
9 SKETSFIGURE	
10 FOTO'S	
11 BIBLIOGRAFIE	

LYS VAN SKETSFIGURE

- Fig 1 Greefswald: geografiese ligging van navorsings-terreine
- Fig 2 Greefswald: relatiewe ligging van navorsingsterreine
- Fig 3 Mapungubwekop en Suidelike Terras
- Fig 4 Mapungubwe : terreinprofiel
- Fig 5 Fouché 1937 : plan van woonarea (JS 2(b)) op die Suidelike Terras
- Fig 6 Fouché 1937 : die Mahobé-woonplek op die Suidelike Terras
- Fig 7 Fouché 1937 : klipmure en gruisvloere (JS 6) op Mapungubwekop
- Fig 8 Plan van opname MK 4
- Fig 9 Terreinprofiel by opname MK 4
- Fig 10 Profiel van stratigrafiese afsetting in ou toetsgat (blok G 11)

1 INLEIDING

Een van die sleutel-ystertydperkterreine in suidelike Afrika is Mapungubwe. Die terrein is 'n rotskoppie met heelwat bewoningsoorblyfsels op die kruin daarvan sowel as op die omringende vallei-vloer, veral aan die suidelike voet van die kop. Die terrein het sy bekendheid te danke aan goue voorwerpe wat in die eeue-oue grafte van mense op die kop gevind is, juis toe die Zimbabwe-bouvalle die aandag van talle binnelandse en buitelandse geleerdes op die plaaslike ystertydperk gevestig het.

Mapungubwe asook verskeie ander argeologiese terreine is geleë op die plaas Greefswald. Twee van die ander terreine is ook belangrik, naamlik die ystertydperkterreine K2, wat naby Mapungubwe geleë is, en die Suidelike Terras wat aan die suidelik voet van Mapungubwekop geleë is. Mapungubwekop en die Suidelike Terras is gelyktydig deur dieselfde gemeenskap bewoon. Dit is duidelik dat kontemporêre en verwante gemeenskappe elders op Greefswald en op die omliggende plase in die Limpopovallei voorkom. Hoewel die bogenoemde drie woonterreine saam met die talle ander in die gebied deel vorm van 'n groot middel-ystertydperkkompleks in die Limpopovallei, is die Greefswaldterreine tans die belangrikste navorsingsterreine in hierdie prehistoriese kultuurkompleks.

2 ALGEMENE BESKRYWING VAN DIE GREEFSWALDTERREINE

2.1 Ligging

Die plaas Greefswald 37 MS is geleë in Noord-Transvaal aan die suidelike oewer van die Limpoporivier, reg teenoor die samevloeiing van die Limpoporivier en die Shashirivier. Die Shashi vorm die grens tussen Botswana en Rhodesië.

2.2 Klimaat

Die klimaat van die Greefswaldomgewing is subtropies. Dit is 'n somerreënvalstreek. Die gemiddelde reënval is ongeveer 330 mm per jaar. Droogtes is 'n algemene verskynsel tesame met 'n hoë mate van

verdamping en vlak gronde met 'n swak waterstoorkapasiteit. Die temperature is matig gedurende die winters en redelike hoog gedurende die somermaande, veral gedurende Januarie en Februarie.

2.3 Geologie

Greefswald is geleë in die sentrale gedeelte van 'n smal strook Bosveld-sandsteen wat strek oor 'n afstand van sowat 80 km langs die Limpoporivier. Dit is sodanig verweer dat dit rotsagtige koppe en rante vorm met sanderige valleie tussen-in. Die Bosveld-sandsteen vorm deel van die Holkrans-sandsteen wat die jongste gesteente van die Karoosisteam is. Die sandsteen lê op 'n skaliegesteente wat op plekke in die omgewing fossieldraend is. Dolerietbasalt dring hier en daar deur die sandsteenformasie.

2.4 Flora

Die plantegroei op Greefswald word as die Mopanieveldtipe geklassifiseer. Die Mopanieveld lê tussen 28° 40' en 30° 40' OL, en 22° 07' en 22° 52 SB. Dit kom voor noord van Soutpansberg, verby die Limpoporivier in die noorde en weste, en ooswaarts tot naby Sibasa. Die plantegroei wat op Greefswald voorkom, vertoon 'n verskeidenheid van gemeenskappe wat identifiseerbaar is as galerybos en ander gemeenskappe, insluitende *Hyphaene crinita*, *Acacia tortilis*, *Acacia nebrownii*, *Kirkia acuminata*, *Colospermum mopane*, *Combretum apiculatum*, *Commiphora* spp, *Acacia nigrescens* e.s.m.

2.5 Fauna

Die fauna op Greefswald vertoon 'n ryke verskeidenheid. Voor die koms van die Blankes in die gebied het daar waarskynlik nog 'n groter verskeidenheid en getalle per spesie voorgekom. Kenmerkende voorbeelde van mammalia sluit die volgende in: *Aepyceros melampus* (rooibok), *Tragelaphus strepsiceros* (koedoe), *Tragelaphus scriptus* (bosbok) en *Panthera pardos* (luiperd).

Die voëllewe sluit onder meer die volgende in: *Francolinus natalensis* (Nataalse fisant), *Aquila verreauxi* (witkruisarend), *Haliaetus vocifer*

(visarend) en *Turtur chalcospilos* (groenvlekduif). *Struthio camelus* (volstruis) het vroeër daar voorgekom en word nog aangetref in die aangrensende gebiede in Botswana en Zimbabwe (Rhodesië).

2.6 Oorsigtelike beskrywing van die Greefswaldterreine

2.6.1 Mapungubwekop

Die kop is sowat 2,5 km suidoos van die samevloeiing van die Shashi- en Limpoporivier geleë. Die kop lê op 'n kontoerhoogte van ongeveer 580 m op ruitverwysing 29° 23' 20" 0 en 22° 12' 40" S (kaart 1:50 000 2229AB MAPUNGUBWE).

Mapungubwe is sowat 300 m lank en is in 'n sanderige vallei geleë. Dié vallei word omring deur rotsagtige koppe en kranse wat tot ongeveer 50 m hoog is. Mapungubwekop bestaan uit Bosveld-holkranssandsteen, het 'n plat kruin en vertikale kranse wat sowat 30 m hoog is. Die plattegrondvorm van Mapungubwe is langwerpig met 'n breë, stomp punt wat in 'n wes-noordwestelike rigting lê; en 'n smal punt wat in 'n oos-suidoostelike rigting lê. In teenstelling met die omliggende rante en koppe, is Mapungubwe se kruin bedek met 'n omvangryke grondafsetting, bedek met gras maar feitlik geen bome nie. Enkele, kort, ruwe, vrystaande klipmuurtjies kom voor op die randgedeeltes van die kop. In die sentrale gedeelte van die kruin kom terrasmure in die grondafsetting voor.

Mapungubwe kan slegs op enkele plekke bestyg word. Die vernaamste opgange is die sg. westelike opgang in die vorm van 'n smal skeur met trapsportgate, en "Mahobe" se opgang bokant die sg. Mahobe se woonplek op die Suidelike Terras.

Klein toetsopgrawings is in 1933 deur Fouché gedoen, hoofsaaklik op die sentrale gedeelte van die kop. Die oorspronklike graf met goue voorwerpe is tydens hierdie geleentheid verder opgegrawe (Fouché 1937). Gedurende 1934 is groot toetsslote deur Jones en Schofield in die sentrale gedeelte van die afsetting gegrawe. Gedurende die somerseisoen van 1934-1935 het Van Tonder 'n uitgebreide opgrawing uitgevoer in die grafarea en 'n verdere 24 grafte hier opgegrawe (Fouché 1937).

Gedurende 1935-1940 het Van Tonder 'n omvangryke opgraving gedoen in die afsetting langs die grafarea en op die breë, noordwestelike gedeelte van die kop. Die argeologiese afsetting op die noordwestekant het besonder dik gelê in 'n groot natuurlike holte in die kruin van die kop (Gardner 1963).

Die afsetting op die noordwestelike helfte van Mapungubwekop is feitlik volledig verwyder deur die vroeëre opgrawers, met uitsondering van 'n klein gedeelte op die rand van die natuurlike holte. Die oorblywende afsetting op die suidoostelike helfte van Mapungubwe is in 'n mate versteur deur Jones en Schofield se toetslote. Die afsetting is hier vlakker as dié wat in die natuurlike holte op die noordwestekant was.

2.6.2 Die Suidelike Terras

Die Suidelike Terras

Die Suidelike Terras lê teen die suidelike voet van Mapungubwekop en strek oor feitlik die volle lengte van die kop. Die afsettings op die terras is dik opgebou sodat die oppervlakte daarvan hoër lê as die omringende vlakte - vandaar die benaming "terras". Die oppervlakte is bedek met gras maar feitlik geen bome nie. Onderkant die westelike opgang van Mapungubwekop lê enkele groot rotse bymekaar. Tussen-in en teenaan hierdie rotse is oorblyfsels van ruwe klipmuurtjies en kliptrappe wat deel vorm van 'n soort klipgepakte ingang tussen die rotse deur, moontlik 'n "hoofingang" na Mapungubwekop (Fouché 1937). Agter die rotse, tussen die ingang en die kop, het die afsetting besonder dik opgehoop. Verder na die oostekant, nader aan die suidoostelike punt van Mapungubwekop, is daar ook 'n dikker opbouing van die afsetting teenaan enkele groot rotse, aan die kop se kant daarvan. Terras-klimpure teenaan die rotse is in die afsetting sigbaar. Dit is hierdie plek wat volgens Bantoe-oorlewering bewoon is deur Mahobe wat 'n afstammeling was van die laaste kaptein wat op Mapungubwekop gewoon het (Fouché 1937).

In 1933 het Fouché 'n opgraving gedoen tussen die rotse en klompure by die sg. hoofingang. Hierdie opgrawings is in 1933 uitgebrei deur

Jones en Schofield wat die area tussen die hoofingang en die kop met behulp van sywaartse opgrawings blootgelê het. Jones en Schofield het ook toetsslote gegrawe wat vanaf die hoofingang suidweswaarts deur die Suidelike Terras tot by die buiterand van die Terras strek (Fouché 1937: diagramme 1, 3, 4). Toetsslote is ook op Mahobe se plek gemaak (Fouché 1937: diagram 4).

2.6.3 K2

K2 is reeds in verskeie vorige verslae beskryf. Aangesien die terrein nie direk by die huidige navorsing betrokke is nie, word die beskrywing van die terrein nie hier herhaal nie.

3 SAMEVATTING VAN VORIGE NAVORSING OP GREEFSWALD

Die navorsing wat op Greefswald gedoen is, is die volgende.

- 1 Opgrawings deur N Jones en J F Schofield 1933-1934. Die navorsingsresultate is gepubliseer (Fouché 1937).
- 2 Opgrawings deur G A Gardner 1935-1940. Die navorsingsresultate is gepubliseer (Gardner 1963).
- 3 Opgrawings deur P J Coertze en H F Sentker 1953-1954.
- 4 Studente-opgrawings deur die Universiteit van Pretoria, 1968-1970.
- 5 'n Omvattende navorsingsprojek uitgevoer deur die Departement Argeologie, Universiteit van Pretoria, 1971-1979. Die navorsingsresultate is volledig saamgevat in 'n verslag aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- 6 Studente-opgrawings deur die Universiteit van Pretoria, 1980-1983. Die 1983-veldwerk word in hierdie verslag uiteengesit. Die veldwerk van 1982 en 1983 vorm gesamentlik 'n ondersoek van aspekte van die vestiging van die Mapungubwemense. Navorsingsaspekte wat gedurende 1982 ondersoek is, is gedurende 1983 verder bestudeer.

Die argeologiese oorblyfsels van die Greefswaldterreine en 'n rekonstruksie van die lewenswyse van die terreinbewoners is met behulp van die 1971-1979-navorsingsprojek omvattend beskryf (Eloff 1979, Meyer 1980). Dit is vir die doeleindes van hierdie verslag voldoende om na aanleiding van bogenoemde navorsing slegs te vermeld dat die Greefswaldbewoners tot 'n middelfase van die Ystertydperk van Suidelike Afrika behoort het, dat hulle hoofsaaklik vee- en graanboere was wat tot vroeëre en latere suidelike variante van die sg. Leopard's Kopje-kultuurkompleks behoort het en dat hulle klaarblyklik voorgangers van die Zimbabweryk was. Dit wil voorkom of die Mapungubwemense 'n heersersgroep was en dat hulle sosiale en politieke status met die vestigingskenmerke van Mapungubwe verband hou.

Die vorige navorsing is hoofsaaklik gekonsentreer op die identifikasie van die Greefswaldkulture en die bepaling van 'n stratigrafiese en kulturele chronologie op die drie Greefswaldterreine. Dit is vir die doeleindes van die huidige navorsing van belang dat 'n kort opsomming van die Greefswald-bewoningschronologie hier gegee word.

Fase 1

Dit is die oudste bewoningsfase en word slegs gekenmerk deur kleipotskerwe wat uit die Vroeë Ystertydperk (300 n.C-800 n.C) dateer en wat in die bodemlaag op die Suidelike Terras en Mapungubwekop gevind is.

Fase 2

Gedurende die periode 970 n.C tot 1070 n.C is K2, die Suidelike Terras en Mapungubwekop gelyktydig bewoon deur 'n mensegemeenskap met 'n reeds gevestigde, bestendige potwerktradisie wat die K2-serie genoem word. Intensiewe bewoningsaktiwiteite het op K2 plaasgevind. Op die Suidelike Terras en Mapungubwekop word hierdie fase afgesluit deur 'n laag gebrande hutpuin. K2 is na die beëindiging van fase 2 nie weer bewoon nie.

Fase 3

Gedurende 1070 n.C tot 1150 n.C is die Suidelike Terras en Mapungubwe-

kop nog steeds gelyktydig bewoon deur vervaardigers van die K2-serie potwerk, maar aan die begin van hierdie periode verskyn die Mapungubwe-serie potwerk. Aanvanklik het die K2-serie die dominante styl gevorm, maar later gedurende fase 3 het die Mapungubwe-serie in verhouding sodanig toegeneem dat lg. verreweg die dominante potwerkstyl gevorm het.

Tesame met die verskyning en toename van die Mapungubwe-serie potwerk het ook ander tipes kultuurgoedere toenemend verskyn, naamlik vyselklippe, klipplatvorme en goue voorwerpe. Fase 3 was feitlik deurgaans gekenmerk deur 'n lang chronologie van rooi en geel skaliegruis-vloere. Op hierdie stadium het omvangryke boubedrywighede plaasgevind. Vermoedelik is die eerste klip-terrasmure ook nou gebou. Die fase word afgesluit deur die verskyning van soliede, mosterdgeel dolerietgruisvloere wat oral bedek word deur gebrande hutpuin.

Fase 4

Gedurende 1150 n.C en 1200 n.C vind die finale bewoning van die Suidelike Terras en Mapungubwekop plaas. Die Mapungubwe-serie potwerk was steeds die dominante styl. Besonder opvallende verskynsels gedurende dié fase is die afname in bou-aktiwiteit in minstens sekere gedeeltes van die Kop en Suidelike Terras, die aanwezigheid van groot hoeveelhede beenpylpunte en -verbindingskagte asook die grafte met goue grafgoedere op Mapungubwekop.

Na 1200 n.C is Mapungubwekop nie meer bewoon nie. Klip-hutfondasies, potwerk en handelsglaskrale wat aan die noordekant van Mapungubwekop gevind is, dui daarop dat latere bewoning hier moes plaasgevind het, maar min navorsing is nog in hierdie verband gedoen.

4 DOEL VAN DIE 1982-1983-ONDERSOEK

Tydens die ekstensiewe opgrawings wat gedurende die dertigerjare uitgevoer is, is 'n groot aantal grafte gevind, klipmure oopgegrawe en ander oorblyfsels gevind. Afgesien van enkele vae, algemene stratigrafiese waarnemings wat gedokumenteer is, is geen noukeurige stratigrafiese beskrywings en rekonstruksies van kultuurchronologie

gemaak nie. Twee navorsingsverslae in verband met hierdie opgrawings is gepubliseer (Fouché 1937, Gardner 1963).

Tydens die intensiewe opgrawings wat gedurende die sewentigerjare uitgevoer is, is noukeurige en omvattende stratigrafiese beskrywings gemaak. Met behulp van 'n presiese analise van stratigrafiese verskynsels, potwerktipologie en radiokoolstofdaterings is 'n duidelike stratigrafiese en kulturele chronologie vir die Greefswaldterreine daargestel. Hierdie tipe navorsing word gewoonlik in die Argeologie opgevolg met intensiewe sywaartse opgrawings ten einde die vestigingswyse en lewenswyse van die betrokke gemeenskap te bepaal. Van die belangrikste aspekte van die vestigingswyse van die Mapungubwemense, is die sg. hoofingang tesame met die woonarea agter die hoofingang; "Mahobe se woonplek" en die klipterraskompleks op Mapungubwekop. Twee aspekte in verband met hierdie woonterreinkomponente is hier belangrik, naamlik eerstens die posisie van die terreinkomponente in die kulturele en stratigrafiese chronologie van Mapungubwekop en die Suidelike Terras; tweedens die betekenis of funksie van die klipmure en ander boustrukture op hierdie terreingedeeltes in die sosio-politieke lewe van die terreinbewoners.

Gedurende die 1982-navorsing was die opleidings- en navorsingsopdrag van die studente om bg. aspekte in verband met die vestiging en kulturele chronologie van die Mapungubwemense sover as moontlik te ondersoek en te rekonstrueer. Aandag is gegee aan die volgende aspekte.

(i) Die hoofingang na Mapungubwekop, die woonarea tussen die hoofingang en die kop, die Mahobe-woonterras en 'n terrasmuur bo-op Mapungubwekop.

(ii) Die betrokke klipmure en ander verbandhoudende boustrukture wat gedurende die dertigerjare oopgegrawe en beskryf is (Fouché 1937) moet opgespoor en skoongemaak word.

(iii) Die bg. terreinkomponente moes so ver as moontlik ingeskakel word in die stratigrafiese chronologie wat met behulp van navorsing van die sewentigerjare (Eloff 1978) opgestel is.

(iv) Die betekenis van die betrokke strukture of terreinkomponente in die lewe van die Mapungubwemense moes sover as moontlik bepaal word.

Die oogmerke van die 1983-ondersoek was tweërlei van aard, naamlik die volgende:

(i) Om die klipboustrukture bo-op Mapungubwekop in die kultuur=chronologie van Greefswald in te skakel.

(ii) Omdat Mapungubwe die woonplek van 'n regeerder van die Mapungubwe=bevolking in die Limpopogebied moes gewees het, moes die woonarea van die regeerder op die kop opgespoor word. Hierdie woonarea sal dan later met behulp van uitgebreide opgrawings binne die breëre terrein=konteks ondersoek kan word.

5 METODIEK

Die werksmetodiek wat gevolg word, is hoofsaaklik dié wat gedurende die intensiewe ondersoek gedurende die sewentigerjare aangewend is. Daarbenewens is enkele van die ou opgrawings in die klipterras-area op Mapungubwekop weer gedeeltelik oopgemaak ten einde 'n duideliker beeld van die betrokke stratigrafie te verkry. Daar is ook op beperkte skaal begin met 'n sywaartse opgrawing in hierdie area op die kop (vgl sketsfigure 8-10). Dié betrokke opname word genoem Mk 4. Die woon=area moes vanweë die groter omvang van die woonafsettings asook die teenwoordigheid en ligging van die klipmure die woonarea van die regeerder gewees het. Die area is gekarteer (fig 8) en 'n oppervlakte=profiel daarvan geteken (fig 9). 'n Profieltekening is ook gemaak van die stratigrafiese profiel van een van die opgrawing (fig 10) wat weer oopgemaak is.

6 STRATGRAFIESE WAARNEMINGS

6.1 Woonarea op Mapungubwekop

Die woonarea wat op Mapungubwekop ondersoek is, is die gedeelte waar klipmure op plekke in 'n bultvormige opeenhoping van afsettings sigbaar is. Dié area is deurkruis met ou toetslote wat gedurende die der=

tigerjare hier gegrawe is. Ongelukkig bestaan daar feitlik geen rekords oor strata of vondste van dié deel van die terrein nie.

Die beginpunt van die ondersoek was 'n gedeelte van 'n klipterrasmuur in Jones en Schofield se opgraving JS 6. Die klipmuur is nie genommer nie (vgl Fouché 1937: diagramme 1, 6(d); plaat viii nrs 1-2). Die toetssloot het deur die terrasmuur gesny. Hierdie deel van die terrasmuur is tydens die 1982-opname opgespoor en gedeeltelik skoongemaak. Gedurende die 1983-opname is dié gedeelte van die terrein weer ondersoek asook die ander muurgedeeltes en klipkonsentrasies langs die ou toetsslote. Die klipkonsentrasies is klippe wat tydens die ou opgrawings uit die toetsslote gegooi is en kon heelwaarskynlik ook gedeeltes van klipmure gewees het. Die ou, ongenommerde toetsgat (Fouché 1937:diagram 1) is geleë in blok G 11 van die nuwe ruitnet wat deur die studente uitgemeet is (vgl fig 10).

Die stratigrafie van die klipmuurarea (opname Mk 4) word soos volg opgesom (vgl fig 10).

Stratum 1. Dit is die boonste deel van die afsetting en is die verweerde oppervlakte van die terrein.

Stratum 2. Dit is 'n grondlaag wat bewoningsoorblyfsels soos dun, mosterdgeel dolerietgruisvloere en kleipotte bevat. Die stratum loop bo-oor die bokant van die klipmure en bedek gevolglik die klipmure op hierdie plekke met 'n dik grondlaag. Stratum 2 verteenwoordig dus 'n bewoningstadium wat jonger is as die bewoningstadium waartoe die klipmure behoort. Hierdie verskynsel is nog nie gedurende die 1982-opname opgemerk nie. Gevolglik is die 1982-indeling van die stratifikasie nog nie volledig nie en verskil die stratumnommers met dié van die 1983-opname.

Stratum 3. Die stratum is dié deel van die afsetting waartoe die klipmuurgedeeltes behoort. Die feit dat daar mosterdgeel dolerietvloere onder die klipmure voorkom, dui daarop dat die mure gedurende die einde van fase III of meer waarskynlik aan die begin van fase IV in die Mapungubwe-chronologie opgerig is. Die klipmure is terrasmuur

wat bestaan uit twee gedeeltes, nl. (i) 'n gestapelde, plat gesigkant bestaande uit plat klippe wat versigtig opmekaar gestapel is en (ii) ruwe klippe wat 'n prominente opvulling en ondersteuning vorm aan die agterkant van die plat gesigkant.

Stratum 4. Dit is 'n bewoningslaag wat ouer is as die klilmure en word gekenmerk deur dik soliede mosterdgeel dolerietgruisvloere

Stratum 5. 'n Afsetting wat bestaan uit grond, gebrande hutpuin wat bo-op soliede dolerietvloer gedeeltes lê e.s.m. Hierdie stratum hou waarskynlik verband met die einde van fase III in die bewoningschronologie van Mapungubwe.

Stratum 6. 'n Afsetting wat bestaan uit grond, as, huishoudelike afvalens wat direk op rotsbodem lê.

6.2 Die Suidelike Terras

Gedurende 1983 is nie veel aandag aan die Suidelike Terras gegee nie omdat die werk gedurende 1982 op hierdie terrein gekonsentreer is en in die 1982-verslag uiteen gesit is. Die klilmure en gruisvloere asook die chronologiese opeenvolging daarvan stem opvallend ooreen met dié op die kop. Dit is gevolglik moontlik om op hierdie stadium van die navorsingswerk die klilmure in die bewoningschronologie van Mapungubwe in te skakel en ook 'n chronologiese korrelasie te maak tussen Mapungubwekop en die Suidelike Terras.

7 SAMEVATTING EN INTERPRETASIE

7.1 Terreingedeeltes wat ondersoek is

Die 1983-navorsing is 'n voortsetting van 'n stratigrafiese ondersoek waarmee in 1982 begin is. Gedurende 1983 is die werk gekonsentreer op die betreklik onbekende klilmuurarea op Mapungubwekop. Hierdie opname word Mk 4 genoem.

7.2 Interpretasie van die klilmuurarea op Mapungubwekop

Die klilmure op Mapungubwekop vorm die mees prominente bewoningsarea

op Mapungubwekop (vgl fig 8). Die klipmure behoort vermoedelik tot die begin van fase IV in die bewoningschronologie van Mapungubwe en die onderliggende hutpuin en dolerietvloere tot die einde van fase III. Dit wil voorkom of die klipterrasarea op Mapungubwekop gedurende die hoogtepunt van die Mapungubwe-kultuurlewe teen ca 1150 n.C die fokuspunt van die bewoningsbedrywighede was. Die area moes gedurende hierdie tyd die woonarea van die regeerder gewees het.

Die klipterrasarea op Mapungubwekop is kontemporêr met die klipmure en hutoorblyfsels van die sg hoofingang op die Suidelike Terras. Lg. is die fokuspunt van bewoning op die Suidelike Terras gedurende hierdie fase van die Mapungubwekop-chronologie (vgl diagram 1).

Dit is duidelik dat die klipterrasarea op Mapungubwekop en die klipmure van die hoofingang op die Suidelike Terras 'n belangrike rol in die vestigingswyse van die Mapungubwemense moes gespeel het. Die twee area's het waarskynlik elk 'n besondere sosiale of politieke betekenis in die Mapungubwe-samelewing gehad en moes 'n besondere verband met die regeerder gehad het.

EVALUASIE EN AANBEVELINGS

Die soliede dolerietvloer onder die hutpuin in Blok G 10 (opname Mk 4) hou stratigrafies verband met die einde van fase 3 in die bewoning van Mapungubwe en vermoedelik met die omringende terrasmuur. Hierdie onderskeie bewoningsoorblyfsels is dié wat met die grootste mate van sekerheid met die senior status van die Mapungubweregeerder verbind kan word. Dit wil derhalwe voorkom of die spesifieke woonplek van die senior persoon in die Mapungubwesamelewing opgespoor is. Die stratum waarin hierdie bewoningsoorblyfsels voorkom, lê egter diep onder 'n omvangryke bewoningsafsetting wat oor 'n redelike groot area versprei lê.

Die sistematiese blootlegging van die regeerder se woonkompleks is gevolglik 'n omvangryke onderneming wat lank sal neem om te voltooi. Sodanige ondersoek sal sowel intensief as ekstensief van aard wees en sal net gedoen kan word m.b.v. 'n volledige werkspan wat drie tot vier maande per jaar vir vier tot vyf jaar opgrawingswerk sal moet

doen, soortgelyk aan die opgrawings van 1971 tot 1973 wat met 'n groter toekenning van die RGN uitgevoer is. Soortgelyke omvattende opgrawings op Mapungubwekop sal met finansiële steun van die RGN gedoen moet word.

Daar is verskeie redes waarom so 'n omvattende projek nie nou onderneem kan word nie. Die belangrikste hiervan is die volgende.

(i) Een van die besondere kenmerke van Mapungubwe en die Suidelike Terras is die klipmure. Die mure is reeds in 'n vervalde toestand en is besig om al vinniger tot niet te gaan. Die restourasie van hierdie mure behoort voorrang te geniet en sal slegs onder die persoonlike toesig van 'n senior navorser gedoen kan word.


(ii) Met die oog op 'n omvattende publikasie wat nou moet volg op die intensiewe navorsing van die afgelope 13 jaar, is daar sekere besonderhede wat nog verkry moet word om enkele bestaande leemtes te vul. 'n Voorbeeld hiervan is die kartering van sekere terrein= kenmerke op die Suidelike Terras en aan die noordekant van Mapungub= wekop. Die opleiding van studente op Mapungubwekop sal derhalwe gekombineer word met die aanvulling van ontbrekende gegewens eerder as met die aanvang van omvangryke sywaartse opgrawingswerk in ver= band met die vestigingswyse van die Mapungubwemense.


MAPUNGUBWE EN DIE SUIDELIKE TERRAS: STRATIGRAFIESE VERGELYKING VAN LAE EN RADIOKOOLOSTOFDATUMS

	Kulturele fases	SUIDELIKE TERRAS					MAPUNGUBWEKOP				
		F4	H5	K8	JS 2(a) hoofingang	JS 2(b)	MST 1	Mk 1	Mk 3	JS 6	
Mapungubwe-kultuur dominant	1 200 n.C. Fase 4	Lae 1 2	Lae 1 2	Lae 1 2 3	stratum 1 2 muur 4A stratum 3	stratum 1 2 muur 6 stratum 3	Lae 1 2 3	1 2 3	1 2 3 4 5	stratum 1 2 muur stratum 3	
	1 150 n.C. Fase 3b	3 4 5 6 7(i) 7(ii)	3 4(i) 4(ii)	4 5 6 7 8	stratum 4 muur 3A	stratum 4 (hutte 1-3)	4 5 6 7 8 9 10	4 5 6 7 8	6 7	4 5 6	
	Fase 3a	7(iii) 7(iv) 8(i) 8(ii) 8(iii) 8(iv)	5(i) 5(ii) 5(iii) 5(iv) 6(i) 6(ii)	9 10 11 12 13 14	?	stratum 5 6	11 12 13	9(i) 9(ii) 10			
	1 070 n.C.										
	K2-kultuur dominant		9 10	6(iii)	15 16 17	?		14 14(i)	11		
		FASE II									
		970 n.C.						15			
	VVT	FASE I 300 n.C.?			17 basis		rotsbodem		11 basis rotsbodem		
									rotsbodem		

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

9 SKETSFIGURE






X
TERREIN-PROFIEL X-Y

FIG. 3

MAPUNGUBWEKOP EN SUIDELIKE TERRAS

Saamgestelde kaart gebaseer op die volgende kaarte
C van Riel Lowe 1933
G.A. Gardner 1939
D de Ridder 1953
Met byvoeging van opgrawings 1971-1976




- SLEUTEL**
- FM opgrawings deur Fouche, Maion e a
 - JS " " Jones Schofield
 - VI " " Van Tonder
 - Huitfel op kop uitgemeet en gedeeltelik opgegrawe deur Gardner
 - Huitfel op Suidelike Terras uitgemeet deur Coetzee-Sentker - opgrawingsplan
 - CS opgrawings deur Coetzee-Sentker 1953-1954
 - JE " " Eloff - navorsingsplan E 2 1960-1970, Fc 1970, MST 1 1971-1975, MST 2 1975
 - rolse
 - budemrals
 - klipmuur
 - Kontourlyne op Mapungubwekop nou nie verband met die op Suidelike Terras nie
 - Hoogteverskil tussen Mapungubwekop by punt X en die AB is 30 meter

MAPUNGUBWE

TERREINPROFIEL MK-MST


FIG 4



Mapungubwe.


FIG 5

4



FOUCHÉ 1937

Plan of Occupation Area.



T.H. = Trial Hole. S.C. = Stone Circle.

FOUCHÉ 1937

Site known as Mahobi's.






FIG 6






FIG 8

FIG 8
MK 4
PLAN



- 1 Toetslote gegrawe deur Jones en Schofield, 1934
- 2 Toetslote JS 1, gegrawe deur Jones en Schofield gedurende 1934
- 3 Ou toetsgat gegrawe gedurende 1934 (opgevul)
- 4 Studente-toetsgat 1983, met profiel v-w (geleë in Blok G 10: opname Mk 4)
- 5 Aanvang van toetsopgraving 1983
- 6 Noordelike klipterrasmuur
- 7 Suidelike klipterrasmuur in toetslote JS 1
- 8 Konsentrasies van uitgegraafde klippe (1934), moontlik van beskadigde klipmure afkomstig

FIG 9
 OPNAME MK 4
 TERREINPROFIEL X-Y



5,6 Aanvang van studente-opgrawings 1983

7 Ou toetsgat 1934: oppervlakte nadat die gat opgevul is

8 Studente-toetsgat 1983 (vgl fig 10: profiel v-w)

9 Onversteurde afsetting


1 Ou toetsloot, gegrawe gedurende 1934

2 Toetsloot JS 1, gegrawe gedurende 1934

3 Noordelike terrasmuur

4 Suidelike terrasmuur

FIG 10
PROFIEL V - W



- 1 Ligbruin, sagte sandgrond; verweerde oppervlakte van die afsetting
- 2 Ligbruin, sagte sandgrond met heelwat klippe; is moontlik opvulling
- 3 Dik, mosterdgeel dolerietgruisvloer
- 4 Ligbruin, sagte sandgrond met stukkies gebrande hutpuin
- 5 Dik, mosterdgeel dolerietgruisvloer
- 6 Ligbruin sandgrond met enkele potskerwe e.a. afval
- 7 Rotsbodem

10 FOTO'S




FOTO 1

Die Suidelike Terras vanaf Mapungubwekop gesien, d.w.s. vanuit 'n noordelike rigting. Die foto is in 1971 geneem tydens die uitvoering van die opgrawings wat regs agter sigbaar is. In die voorgrond is die grasbegroeide oorblyfsels van die 1934-opgrawing JS 2(b) in die sg. "occupation area" sigbaar (vgl Fouché 1937:pp15-18, plaat IX nr 2, diagramme 3 en 4).

Gedurende April 1982 is JS 2(b) gedeeltelik skoongemaak en die oorblyfsels van belangrike stratigrafiese strukture weer opgespoor.




FOTO 2

Die suidelike aansig van die sg. hoofingang na Mapungubwekop. Studente is besig om 'n gestratifiseerde chronologie van gruisvloere en klipmure wat in 1934 oopgegrawe is, skoon te maak gedurende die opnameprogram van April 1982. Op die foto kan die uiters vervalte toestand van die hoofingang waargeneem word. (Vgl Fouché 1937:plaat X 1-2, diagram 3).



FOTO 3

Die suidelike aansig van die hoofingang soos dit tans daar uitsien. Die chronologie van klipmure en gruisvloere is soos volg sigbaar:

Klipmuur 3A in die voorgrond onder op die foto. Bokant muur 3A is daar 'n grondafsetting waarin opeenvolging van mosterdgeel gruisvloere voorkom.

Klipmuur 4A, heel bo, vorm die jongste struktuur in die afsetting. Die kliptrappe langsna muur 4a het feitlik heeltemal verdwyn.

(Vgl Fouché 1937: plaat X nr 2, diagram 3).




FOTO 4

Die grondafsetting waarin 'n vertikale opeenvolging van doleriet-gruisvloere duidelik sigbaar is, met klipmuur 4A wat uiteindelik bo-op gebou is. Hierdie stratigrafiese chronologie is belangrik, want die feit dat die dolerietvloere tot die einde van fase 3 en tot fase 4 behoort, dui daarop dat muur 4A kontemporêr met of jonger as die einde van fase 3 is.

Klipmuur 4A is ook reeds besig om uitmekaar te val.



FOTO 5

Detail van foto 4: dun dolerietgruisvloertjies in die grondafsetting onder die basis van klipmuur 4A. Hierdie vloertjies hou moontlik verband met soortgelyke vloer= gedeeltes wat voorkom onder klipmuur 6 aan die noordekant van die hoofingang, d.w.s. vloere wat tot 'n bewoningsverband in die woonarea tussen die hoofingang en Mapungubwekop behoort.



FOTO 6

Klipterrasmuur, soos dit tans daar uitsien, in Jones en Schofield se opgraving JS 6 (vgl Fouché 1937:pp14-15, plaat VIII nrs 1-2, diagramme 2d en 6a).



FOTO 7

Detail van foto 6: 'n mosterdgeel dolerietvloer onder die basis van die klipterrasmuur (vgl Fouché 1937:pl4, plaat VIII nr 2, diagram 2d (profiel)).

11 BIBLIOGRAFIE

- Eloff J F 1979 Die kulture van Greefswald.
Ongepubliseerde navorsingsverslag aan die Raad vir
Geesteswetenskaplike Navorsing. Universiteit van
Pretoria.
- Fouché L 1937 Mapungubwe. Vol I. Cambridge University Press.
- Gardner G A 1963 Mapungubwe. Vol II. J L van Schaik, Pretoria.
- Meyer A 1980 'n Interpretasie van die Greefswaldpotwerk.
Magisterverhandeling, Universiteit van Pretoria.

